Kommunikasie

"Om aanhoudend lang en hoë woorde te gebruik wanneer jy kommunikeer, bewys twee dinge (1) dat jy geleerd is, en (2) dat jy te dom is om te weet hoe om goed te kommunikeer."
- Will Conway

Doelwit: *Om die Verkenner bekend te stel aan die basiese beginsels van 'n wye verskeidenheid kommunikasietegnieke en vaardighede.*

Weergawe: *2007.0*

Datum: *Augustus 2007*

Begronding:

Voortrekkerkode: 8. 'n Voortrekker neem leiding.

ABC: 'n Jeuglid kan werklik net die ABC uitleef indien hierdie vaardigheid aangeleer word. Alhoewel dit 'n proses is wat 'n leeftyd kan neem is die blootstelling daaraan krities om daarvan gebruik te maak en sodoende die ABC nie net uit dra nie, maar ook elke dag konsekwent uit te leef.

Aanbiedingsvereistes:

Tydsduur:	Taakgebonde	**Graadgroep:**	8 - 12
Voorvereistes:	Geen		
Aanbieding:	• Individueel, Span, Kommando, Gebiedskamp • Die Verkenner moet een opdrag uit elke groep kies en nog een uit enige groep, met ander woorde 'n totaal van 4 opdragte, en dit behoorlik bestudeer.		
Toekennings instansie:	Kommando		

Uitkomste:

Om die kenteken te verwerf moet die Verkenner:

Een opdrag uit elke groep kies en nog een uit enige groep, met ander woorde 'n totaal van 4 opdragte, en dit behoorlik bestudeer.

GROEP 1 PERSOONLIKE KOMMUNIKASIE
a. Gespreksvoering (gesprekke, luister, misverstande)
b. Onderhandeling (onderhandelingsvaardighede, kleingroepkommunikasie, interkulturele kommunikasie)
c. Verbloemde kommunikasie (metataal, lyftaal, selfonthulling, handskrifontleding)
d. Selfkommunikasie (Tydsbenutting, motivering, selfhulp)

GROEP 2 OPENBARE KOMMUNIKASIE
a. Openbare redevoering (toesprake, vergaderings, seremoniemeester)
b. Onderhoudvoering (vra van vrae, onderhoude, kommunikasie-oudit)
c. Kommunikasie verskynsels (klank, graffiti, kleredrag)
d. Plakkaatkommunikasie (doeltreffendheid,beplanning, boodskapformulering, kommunikasiemodelle)

GROEP 3 KOMMUNIKASIEMEDIA
a. Massamedia (joernalistiek, radio, televisie, filmkritiek)
b. Individuele kommunikasie media (faksmasjien, telefoon, radiospraak, basiese rekenaarvaardigheid)
c. Opgestelde kommunikasie apparaat (oorhoofse projektor, skyfieprojektor, luidsprekerstelsel, videobandmasjien, klankbandmasjien)
d. Vervaardigde kommunikasie apparaat (kennisgewingbord, blokbord en blaaibord, plakboek, seinkuns en vlae)
e. Kampkommunikasie (luidspreker, kennisgewingbord, onderhoudvoering, seremoniemeester, plakkaatkommunikasie, videomasjien, radio, plakboek, vlae).

Die Verkenner moet na afloop van sy/haar studie twee take voorlê, byvoorbeeld plakkaat, plakboek, tuisgemaakte video, 'n aansteekbord of 'n toespraak hou of onderhoud voer, vir goedkeuring deur 'n toetsoffisier.